

Die Groot Geloofswoordeboek: Besnydenis

Die Groot Geloofswoordeboek: Besnydenis

Besnydenis

Die besnydenis is nie beperk tot Israel nie. Daar is meer volke wat die voorvel van die manlike geslagsdeel afsny, gewoonlik as die baba nog baie klein is. Tydens die inisiasieskole van tradisionele groepe in ons land en in die res van Afrika word dit in die puberteitsjare gedoen, dikwels onder onhygiëniese omstandighede en met baie slegte gevolge vir mense se gesondheid.

Daar is gevalle waar vrouens of dogtertjies ook besny word deur die klitoris af te sny.

Die Ou Testament

In die Ou Testament was die besnydenis die teken van die verbond. Babaseuntjies is op ag dae besny. Mense van ander godsdienste wat die geloof van Israel aanvaar het, is ook besny.

Veral die profete het die geestelike betekenis van die besnydenis na vore gebring met die eis dat Israëliete se harte, lippe en ore besny moet wees (lees die 1953-vertaling van Eks 6:11, 29; Lev 26:41; Deut 10:16; 30:6; Jer 4:4; 6:10; 9:25-26; Eseg 44:7, 9), wat beteken het dat hulle gehoorsaam aan God moes lewe. Dit skakel die moontlikheid uit dat die besnydenis bloot 'n nasionale teken was, 'n teken dat iemand 'n Israëliet of Jood was.

Die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament bevestig Paulus die geestelike betekenis van die besnydenis. Die besnydenis het net waarde as jy die wet onderhou (Rom 2:25). Dit skakel die gedagte uit dat dit bloot 'n volks- en nasionale teken was.

Besnydenis en *doop

Hierdie geestelike betekenis van die besnydenis baan ook die weg vir 'n bepaalde verband tussen besnydenis en doop. Dit is baie onnoukeurig en oorvereenvoudig om sonder meer te sê die doop het in die plek van die besnydenis gekom. Die betekenis van die *doop is baie ryker as dié van die besnydenis. Die doop gaan terug op minstens twee belangrike gebruike in die Ou Testament: die reiniging en die besnydenis. Wat die reiniging betref, kan 'n mens maar net dink aan twee van die bekende betekenis van die doop: vergifnis en reiniging van sonde. En wat die besnydenis betref, aan die verskillende inlywende betekenis van die doop: die inlywing in Christus, in die gemeente en in die verbond.

Maar al kan 'n mens nie eenvoudig sê die doop het in die plek van die besnydenis gekom nie, ly dit nogtans min twyfel dat daar inderdaad 'n verband is tussen die doop en die besnydenis. Paulus skryf vir die Kolossense, wat uit die heidendom tot bekering gekom het en dus nie gedoop was nie, dat hulle die geestelike betekenis van die besnydenis deur die doop ontvang het (2:11-12). Dit is nie oortuigend om te dink dat hierdie geestelike besnydenis iets anders is as die betekenis van die besnydenis nie. Indien dit so was, het Paulus geen rede gehad om dit 'n "besnydenis" te noem nie.

Een van die betekenis van die doop is duidelik ook dieselfde as dié van die besnydenis: om mense in die Abrahamverbond in te lyf (Gal 3:26-29). Ook uit die verwysing na die betekenis van die besnydenis van Abraham (Rom 4:11) blyk die geestelike betekenis daarvan. Daar is wel 'n poging bekend om te ontken dat die besnydenis ook vir ander mense dieselfde geestelike

betekenis gehad het as vir Abraham. Geen ander persoon se besnydenis sou dieselfde hoë, geestelike betekenis gehad het nie. Dis egter 'n vreemde argument. Waarom sou die besnydenis van 'n ander Arameër as Abraham nie dieselfde betekenis gehad het nie? Nes Abraham sou hy in die Here moes glo, en die Here sou hom aangeneem het omdat hy geglo het. Waarom sou sy besnydenis dan nie ook 'n waarborg kon wees dat God hom aangeneem het omdat hy geglo het nie?

Deel van Paulus se argument is dat Abraham op dié manier die vader geword het van almal wat ook eers moes glo en daarna besny is (Rom 4:11). Hoe kon hulle besnydenis 'n ander betekenis as syne gehad het? Wat beteken dit dat hy hulle vader is?

Hierdie vreemde argument is 'n poging om te probeer wegkom van die betekenis wat hierdie feit vir die *kinderdoop het. Want dit is merkwaardig dat die besnydenis, wat 'n waarborg was dat iemand wat glo, gered is, ook aan babas bedien is. Ook die doop is so 'n geloofsakrament. Waarom kan dit dan nie ook bedien word aan babas wat deel van die geloofsgemeenskap is nie?

Daar word soms gewys op die feit dat die besnydenis net aan mans en seuntjies bedien is, maar die doop aan alle mense. Maar dis net nog 'n aanduiding van die feit dat vrouens in die Ou Testament baie min getel het, terwyl hulle in die Nuwe Testament meer in eie reg na vore gekom het. (Gal 3:28 – *Onderdanigheid van die vrou)

Verskillende waarderings van die besnydenis

Die besnydenis word nie oral op dieselfde hoë vlak gestel as in Romeine nie. Veral in Galasiërs is Paulus baie negatief oor die besnydenis. Hy waarsku selfs dat Christus geen betekenis meer het vir heiden-Christene wat hulle laat besny nie (5:2).

'n Mens moet onthou dat die verband in Galasiërs heeltemal van

Romeine verskil. Paulus werk met 'n situasie waarin die besnydenis losgemaak is van sy geloofsbetekenis en aan die wet-as-heilsweg gekoppel is. Dit was die Judaïste se argument: 'n heiden moet die wet hou en besny word om gered te kan word. Dan is Paulus fel téén die besnydenis omdat dit Christus oorbodig maak.

Maar in ander situasies kon hy baie positief wees, soos toe hy Timoteus laat besny het (Hand 16:3). Dit beklemtoon nogeens hoe belangrik verband is. In die een verband word aan die besnydenis heeltemal 'n ander betekenis toegeken as in die ander verband. Dit sou byvoorbeeld vandag nog met die doop en die nagmaal kon gebeur. In 'n situasie waarin mense glo dat jy outomaties gered is as jy net gedoop is, sou die kerk kon besluit om nie langer mense te doop nie totdat die misverstand uit die weg geruim is.

Aanvanklik het Joodse gelowiges hulle kinders besny (Hand 21:20 ev), waarskynlik omdat die doop aan die begin veral met sondevergiftigis en reiniging verband gehou het (Hand 2:38; 22:16), en nog nie die betekenis van inlywing in die verbond gehad het nie, wat die primêre betekenis van die besnydenis was. Hierdie betekenis van die doop het eers later in Paulus se briewe na vore gekom.

Woorde gemerk met 'n * word elders bespreek.

Outeur: [Prof Adrio König](#)